# Ewige
# VERBOND

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS

*EWIGE VERBOND*

Kopiereg © 2020 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Ewige Verbond* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

**BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.**

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


01 WELKOM
02 HULPBRONNE
03 LOVE GOD GREATLY
04 SOAP STUDIE
07 GETUIENIS
09 INLEIDING
10 LEESPLAN
12 JOU DOELWITTE
13 WEEK 1
38 WEEK 2
63 WEEK 3
88 WEEK 4
113 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: "Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken." (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

## MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander...Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

## **A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

## **P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# LGG HONGAARSE GETUIENIS

## VIOLA, HONGARYE

Ek is oneindig dankbaar vir die rolmodelle en mentors wat God in my lewe geplaas het, byna net soos Timoteus s'n. Soos Timoteus het ek grootgeword met gelowige oumas en my gelowige ma wat my geïnspireer het om met die evangelie na vroue uit te reik en hulle te leer.

Van jongs af het my ma kerkdienste vertaal vir die buitelandse pastore wat ons huiskerk in Hongarye besoek het. Dit was op 'n tydstip toe ons as gevolg van die kommunistiese heerskappy in Hongarye nie ons geloof vrylik kon uitleef nie. Ek het gesien hoe God my ma se kennis van die Hongaarse taal en haar gewillige hart gebruik het om ander die waarheid van die evangelie te help verstaan.

*God se Woord berei ons voor vir dinge wat ons ons nooit sou kon indink nie.*

My ma se voorbeeld het vir my gewys wat dit beteken om deur God se Woord aangeraak en toegerus te word. Sy het vir my gewys hoe belangrik en betekenisvol dit is om God se Woord in jou eie taal te hê. Dit het my uiteindelik aangespoor om Bybelstudies vir *Love God Greatly* in my moedertaal, Hongaars, te vertaal.

Noudat ek self kinders het, is ek alte bewus daarvan hoe belangrik dit is om my geloof voor my kinders uit te leef. Ek wil hê hulle moet in my lewe 'n voorbeeld sien van hoe om Christus lief te hê en te dien. God se Woord rus 'n mens toe, ongeag hoe ons dit oordra. Sy Woord is ons hulp deurdat dit ons lei en leer hoe om God groots lief te hê en hoe om sy liefde met die wêreld en ons vriende te deel. God se Woord berei ons voor vir dinge wat ons ons nooit sou kon indink nie.

Soos Timoteus, wil ek graag 'n bedienaar van die evangelie wees wat ander kan oplei en leer om dit ook te doen. By my *Love God Greatly*-vertaalspan het ek gesien hoe baie vroue 'n persoonlike verhouding met Jesus ontwikkel en hoe hulle harte en denke deur Hom verander word. Ek wil hê dat dié vroue moet weet God het 'n spesiale plan vir hulle lewens en dat hulle deur die krag waarmee God se Woord hulle toerus, getroue bedienaars van die evangelie kan wees.

***Om in verbinding te tree met 'n Love God Greatly Hongaarse tak:***

- lovegodgreatly.com/hungarian
- facebook.com/szeresdnagyonistent

Ken jy iemand wat ons *Love God Greatly* Bybelstudies in Hongaars kan gebruik? Indien wel, maak 'n punt daarvan om hulle te vertel van *Love God Greatly Hongaars* en al die wonderlike Bybelstudie-hulpbronne wat ons bied om hulle toe te rus met God se Woord!

# EWIGE VERBOND

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## EWIGE VERBOND

Dwarsdeur die Ou Testament het God baie verbonde met sy volk gesluit. Hy het ‘n verbond met Noag gesluit waar Hy belowe dat Hy nooit weer die aarde sou vernietig deur vloedwaters nie. Hy het ‘n verbond met Abraham gesluit waar Hy belowe om aan hom afstammelinge, grond en ‘n toekomstige Messias te gee wat die wêreld van sonde sou red. Hy het ‘n verbond met Israel gesluit, hulle as sy uitverkore volk gekies en sy Wet aan hulle gegee. Hy het ‘n verbond met Dawid gesluit waarin Hy aan hom ‘n koninkryk belowe wat vir ewig sou bestaan. Alhoewel God sulke mooi beloftes aan sy volk gemaak het, het hulle van Hom afgewyk. As gevolg hiervan het God belowe om aan sy volk ‘n nuwe verbond te gee.

‘n Verbond is meer as ‘n belofte. Dit is ‘n plegtige eed wat tussen twee partye afgelê word. In die antieke Nabye Ooste sou diegene wat die eed neem, tussen die stukke geofferde diere deur loop. Hierdie gebruik was ‘n simboliese herinnering aan wat met iemand sou gebeur wat die bepalings van die verbond verbreek het.

Toe God in Genesis 15 ‘n verbond met Abraham gesluit het, het Hy alleen tussen die diere wat Abraham geoffer het, deurgegaan. God het alleen die verantwoordelikheid aanvaar om die verbond met Abraham na te kom. Hy doen dieselfde vir ons.

In Christus is ons onder ‘n nuwe verbond. Christus is gebreek vir ons sonde, Hy het die straf wat ons verdien het, op Hom geneem. Ons kan ‘n onvoorwaardelike verbond met God sluit weens die offer van Christus. Ons enigste moontlike reaksie is geloof.

Christus is die vervulling van al God se verbonde. Sy geboorte het ‘n nuwe era ingelei en ons ‘n nuwe manier gegee om ‘n verhouding met God te hê. Ons is nie langer gebonde aan die reëls en wette van die ou stelsel nie; ons het nou vryheid in Christus!

Jesus is die outeur en volmaker van die nuwe, ewige verbond. In Hom kom ons niks kort nie. Deur sy koms is ons vir ewig gevestig, en al die beloftes van God aan sy volk word in Christus vervul. Ons het die voorreg om aan hierdie kant van die geskiedenis te leef: ons wag nie meer op ons verlossing nie. Inteendeel, ons sien met groot verwagting uit na die dag waarop ons Messias sal terugkeer!

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

*Verbonde van Seën*

Maandag - God se Verbond met die Mensdom
Lees: Genesis 9:1-11
SOAP: Genesis 9:11

Dinsdag - 'n Onvoorwaardelike Verbond
Lees: Genesis 9:12-17
SOAP: Genesis 9:12-13

Woensdag - Die Belofte van Afstammelinge
Lees: Genesis 15:1-6, Galasiërs 3:15-18
SOAP: Genesis 15:6

Donderdag - Die Belofte van Land
Lees: Genesis 15:7-21, Hebreërs 11:8-10
SOAP: Hebreërs 11:9-10

Vrydag - Die Seën van Christus
Lees: Genesis 22:15-18, Efesiërs 1:3-14
SOAP: Efesiërs 1:11-12

## WEEK 2

*Verbonde met Israel*

Maandag - Die Grootste Gebooie
Lees: Eksodus 20:1-17, Matteus 22:36-40
SOAP: Matteus 22:36-40

Dinsdag - Christus Vervul die Wet
Lees: Eksodus 24:3-8, Matteus 5:17-20
SOAP: Matteus 5:17

Woensdag - Die Sabbat
Lees: Eksodus 31:12-17, Markus 2:23-3:6
SOAP: Markus 2:27-28

Donderdag - 'n Permanente Koninkryk
Lees: 2 Samuel 7:1-17, Matteus 1:1-17
SOAP: 2 Samuel 7:16

Vrydag - Dawid se Nageslag
Lees: 2 Samuel 7:18-29, Openbaring 22:16
SOAP: 2 Samuel 7:28-29

## WEEK 3

*'n Beter Verbond*

Maandag - Die Swakheid van die Wet
Lees: Romeine 7:6, Romeine 8:1-4
SOAP: Romeine 8:3-4

Dinsdag - Die Beloofde Verbond
Lees: Jeremia 31:31-37
SOAP: Jeremia 31:33

Woensdag - 'n Beter Verbond
Lees: Hebreërs 8:6-13, 2 Korintiërs 3:4-6
SOAP: 2 Korintiërs 3:4-6

Donderdag - Vervulling in Christus
Lees: Matteus 26:26–30, Hebreërs 9:15
SOAP: Hebreërs 9:15

Vrydag - Eenheid in die Nuwe Verbond
Lees: Lukas 22:14–20, 1 Korintiërs 11:23-34
SOAP: 1 Korintiërs 11:25-26

## WEEK 4

*Beloftes Vervul*

Maandag - Die Boodskapper van God Aangekondig
Lees: Lukas 1:1-25
SOAP: Lukas 1:25

Dinsdag - Die Messias Aangekondig
Lees: Lukas 1:26-38
SOAP: Lukas 1:31-33

Woensdag - Maria and Elisabet
Lees: Lukas 1:39-56
SOAP: Lukas 1:46-50

Donderdag - Die Geboorte van Johannes
Lees: Lukas 1:57-80
SOAP: Lukas 1:68, 72-73a

Vrydag - Die Geboorte van Jesus
Lees: Lukas 2:1-21
SOAP: Lukas 2:10-11

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys.*

**EFESIËRS 1:11-12**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

God het ‘n onvoorwaardelike en ewige verbond met Noag gesluit. Maak hierdie week tyd om te dink oor die maniere waarop God jou onvoorwaardelik geseën het. Verdien jy die seëninge wat God jou gegee het? Gedurende die Kerstyd, let op hoe God jou oorvloedig meer seën as wat jy besef en vra Hom om jou te herinner en erken dat alles wat Hy aan jou gee eintlik Syne is.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 9:1-11*
1 God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word
baie en bewoon die aarde. 2 Al die diere, al die voëls, al die diere wat kruip, en
al die vis sal vir julle bang wees en vir julle skrik. Hulle word tot julle beskikking
gestel. 3 Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle. Naas die groen plante gee Ek
dit alles vir julle.

4 Julle mag net nie vleis eet met sy lewe in, dit is met sy bloed in nie. 5 Wanneer
julle eie bloed vergiet word, sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe:
van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van 'n mens sal Ek
rekenskap eis oor die lewe van sy medemens.

6 "Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God
het die mens gemaak as sy verteenwoordiger.

7 Maar júlle moet vrugbaar wees en baie word. Vermeerder op die aarde en word
baie!"

8 Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: "Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle
en julle nageslag 10 en met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak
diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark
uitgekom het. 11 Ek sal my verbond met julle hou: mens en dier sal nie weer deur
vloedwaters uitgewis word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die
aarde sal oorweldig nie."

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 9:1-11*

SOAP:
*Genesis 9:11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Genesis 9:11*

EK SAL MY VERBOND MET JULLE HOU: MENS EN DIER SAL NIE WEER DEUR VLOEDWATERS UITGEWIS WORD NIE. DAAR SAL NIE WEER 'N OORSTROMING WEES WAT DIE AARDE SAL OORWELDIG NIE.

*Oordenking*

Dwarsdeur die Bybel het God 'n verbintenis met die mensdom gehad deur verbonde of beloftes. Ons sien die eerste verbond in Genesis 2, waar God 'n werkverbond opgestel het. As Adam en Eva God se wette onderhou, sou dit goed gaan met hulle, maar as hulle God se wette verbreek, sal dit nie so goed gaan met hulle nie. Ongelukkig het Adam en Eva hierdie werkverbond verbreek en dit het 'n verskeidenheid van verwoesting, verval en dood veroorsaak.

Loof die Here dat Hy nie die verhaal hier laat eindig het nie! God het 'n nuwe verbond ingestel. Dit word die Genadeverbond genoem. In plaas van om staat te maak op mense om God se wette te gehoorsaam, is hierdie nuwe belofte uitsluitlik afhanklik van God.

Dwarsdeur die Ou Testament het God baie kleiner verbonde gevestig wat gewys het na hierdie Genadeverbond. Die belofte wat Hy aan Noag gemaak het was een van hierdie verbonde. Nadat die aarde verwoes is deur 'n vloed, en net Noag en sy familie gespaar is, het God 'n pragtige en belangrike belofte aan Noag gemaak. God sou nooit weer die wêreld verwoes deur 'n wêreldwye vloed nie. Hy sal die natuur bewaar sodat die seisoene sal voortgaan (8:22) en mense sal floreer sodat die Verlosser van alles wat gebroke is, eendag sal kom en sy mense van sonde sal verlos.

*Gebed*

Dankie Here dat U ons genadig is, ons wat nie in staat is om u bevele te onderhou soos dit onderhou moet word nie. Dankie dat U vir ons 'n Verlosser voorsien wat die wet vir ons onderhou het, ons van sonde verlos het en weer sal kom om sy koninkryk met ons te vestig. Dit is ware genade. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 9:12-17*

12 Toe het God gesê: “Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en
die wilde diere by julle, ’n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld: 13 my
reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond
tussen My en die aarde. 14 Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die
reënboog verskyn in hulle, 15 sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde
diere volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom wat alle lewende
wesens uitroei nie. 16 Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien,
sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die
aarde.”

17 God het vir Noag gesê: “Dit is dan die teken van die verbond wat Ek tot stand
gebring het tussen My en al die lewende wesens op die aarde.”

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 9:12-17*

SOAP:
*Genesis 9:12-13*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Genesis 9:12-13*

TOE HET GOD GESÊ: “DIT IS DIE TEKEN VAN DIE VERBOND TUSSEN MY EN JULLE EN DIE WILDE DIERE BY JULLE, ‘N VERBOND WAT VIR ALLE TOEKOMSTIGE GESLAGTE GELD: MY REËNBOOG HET EK IN DIE WOLKE GEPLAAS. DIT SAL DIE TEKEN WEES VAN DIE VERBOND TUSSEN MY EN DIE AARDE.”

*Oordenking*

Ons vergeet. Elke week, elke dag vergeet ons die goedheid van God en alles wat Hy vir ons gedoen het. Ons lewens is so vol dat ons nie baie plek maak vir God nie. Ons lees nie sy Woord op die manier wat ons moet nie, ons oordink nie wat Hy vir ons gedoen het soos wat ons moet nie en ons gaan nie na sy troon in gebed soos ons moet nie.

Maar God! Hy vergeet nooit nie. Hy dink elke dag spesifiek aan elkeen van sy kinders en sorg vir hulle. Daar gaan nie ‘n dag verby wat God nie aan jou dink nie. Hy maak beloftes en Hy hou sy beloftes. Die Here sal elke belofte wat jy in die Skrif vind, hou. Hy wou hê dat Noag, en elkeen wat na hom sou kom, dit onthou en daarom het Hy ‘n teken in die lug geplaas. Van daardie dag af sou Noag nie die belofte sal vergeet dat God nooit die aarde sal verwoes deur ‘n wêreldwye vloed nie. Inteendeel, God sal sy skepping bewaar tot Hy weer kom en alles nuut maak. Wanneer jy ‘n reënboog sien, onthou hoe God voortgaan om die belofte wat Hy met Noag gemaak het, te hou. Dit is ‘n belofte vir alle generasies.

*Gebed*

Dankie Here dat U altyd u beloftes hou. Ons kan staatmaak op u Woord, want U doen wat U sê U sal doen. Help ons om die belofte wat U met Noag gemaak het te onthou elke keer as ons ‘n pragtige reënboog sien en help ons om ons beloftes aan U te hou. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 15:1-6*

1 Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."

2 Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en
Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry."3 Abram het verder gesê: "U
het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees."

4 Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: "Daardie een sal nie jou
erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees." 5 Toe
het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: "Kyk op na die hemel
en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom: "So baie sal jou nageslag
wees."

6 Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.

## *Galasiërs 3:15-18*

15 Broers, Ek gaan nou 'n voorbeeld uit die gewone lewe neem. As 'n testament,
wat maar net mensewerk is, eers geldig is, kan niemand dit ongeldig maak of iets
daaraan toevoeg nie. 16 God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling
gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou
nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus. 17 Hiermee wil ek dít sê:
God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat
eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig
maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie. 18 As 'n mens dit
wat beloof is, kry op grond van die onderhouding van die wet van Moses, kry jy
dit nie meer op grond van die belofte nie, en God het sy genade aan Abraham juis
deur 'n belofte toegesê.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 15:1-6, Galasiërs 3:15-18*

SOAP:
*Genesis 15:6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Genesis 15:6*

ABRAM HET TOE IN DIE HERE GEGLO, EN DIE HERE HET DIT GOEDGEVIND DAT ABRAM SO VOLGENS DIE WIL VAN DIE HERE GEHANDEL HET.

*Oordenking*

Wat 'n ongelooflike verhaal. God gaan 'n nuwe nasie skep en Hy het Abram gekies om die vader van hierdie nasie te wees. Daar was net een probleem: Abram het geen kinders gehad nie en beide hy en sy vrou was ouer, so die moontlikheid vir hulle om kinders te kon hê, was baie klein. God was nie bekommerd of verras hierdeur nie.

God se krag en getrouheid word bevestig deur die feit dat Hy Abram kies en hierdie man, wat geen kinders gehad het en wie se vrou nie kinders kon hê nie (dis hoe dit geblyk het), verander het in 'n nasie. Wat so ongelooflik is, is dat Abram God geglo het. Hy het nie geredeneer of getwyfel nie; hy het geglo. Deur hierdie nasie, sou die beloofde Messias kom en God sal mense van elke volk, taal en nasie in sy Koninkryk inbring. Wat 'n glorieryke dag sal dit nie wees nie.

*Gebed*

Dankie Here dat U 'n God is wat wonderbaarlike dinge kan doen. Dankie dat u beloftes maak wat onmoontlik mag klink, maar vir U meer as moontlik is. Help ons om u beloftes te glo. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 15:7-21*

7 Hy het vir Abram gesê: "Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting."8 Maar Abram vra: "Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God?"

9 Toe beveel die Here hom: "Bring vir My 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud, en 'n tortelduif en 'n jong duif." 10 Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit. Die voëls het hy nie verdeel nie. 11 Die roofvoëls het op die karkasse begin toesak, maar Abram het hulle weggejaag.

12 Teen sononder het 'n diep slaap Abram oorval; angs, 'n groot donkerte het hom oorweldig. 13 Toe sê die Here vir Abram: "Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank. 14 Maar Ek sal die nasie straf wat jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek. 15 Jy sal in vrede sterf en op 'n hoë ouderdom begrawe word. 16 Die vierde geslag ná jou sal hiernatoe terugkom. Dan eers sal die ongeregtigheid van die Amoriete sy volle maat bereik het."

17 Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur. 18 Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier; 19 die land van die Keniete, die Kenissiete en die Kadmoniete, 20 die Hetiete, die Feresiete en die Refaïete, 21 die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete."

## *Hebreërs 11:8-10*

8 Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. 9 Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, 10 want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 15:7-21, Hebreërs 11:8-10*

SOAP:
*Hebreërs 11:9-10*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Hebreërs 11:9-10*

OMDAT HY GEGLO HET, HET HY IN DIE BELOOFDE LAND GAAN WOON, 'N VREEMDELING IN 'N VREEMDE LAND. IN TENTE HET HY DAAR GEWOON, EN SO OOK ISAK EN JAKOB WAT SAAM MET HOM ERFGENAME VAN DIESELFDE BELOFTE WAS, WANT HY HET UITGESIEN NA DIE STAD WAT VASTE FONDAMENTE HET EN WAARVAN GOD SELF DIE ONTWERPER EN BOUER IS.

*Oordenking*

Alles in die Ou Testament het na die toekoms gewys wanneer Jesus op die toneel sou kom en sy volk van hulle sonde sou red. Vandat sonde die wêreld binnegekom het, was die wêreld in 'n tipe advent seisoen, wagtend op die beloofde Een. Van die begin af het God noukeurig gebeure laat plaasvind en mense in beweging gebring wat sou uitloop op die koms van die Messias.

God het vir Abram gesê dat hy die vader van 'n groot nasie sou wees. Hierdie volk het grond nodig gehad en daarom het God weer 'n belofte aan Abram gemaak. Hy het belowe dat hy vir Abram en sy nageslag hul eie land sou gee. Om aan te toon hoe ernstig Hy was, het God dat Abram 'n paar offerdiere in stukke laat kap en uitlê. God het tussen hierdie stukke beweeg as teken van 'n bindende verbond met Abram en gesê: 'As ek nie my belofte nakom nie, moet dit met my gebeur wat met daardie diere gebeur het.'

Ons weet dat God nie 'n belofte kan breek nie. Sy Woord is soos yster wat nie gebreek kan word nie. Dit behoort ons soveel vertroosting te gee in 'n wêreld vol verbreekte beloftes. Maak nie saak wat nie, God se Woord is altyd waar.

*Gebed*

Here, help ons om rus en vrede te vind in u standvastige Woord. U praat net die waarheid, U doen wat U sê, en U vervul elke belofte wat U maak. U liefde vir ons gaan ons verstand te bowe.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 22:15-18*

15 Die Engel van die Here het weer uit die hemel na Abraham geroep 16-17 en gesê: "Dit is Ek, die Here, wat praat. Ek lê 'n eed af by Myself dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van sy vyande in besit neem. 18 In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam."

## *Efesiërs 1:3-14*

3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. 4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. 6 In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. 6 Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. 7 Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God 8 wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. 9 Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak 10 en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. 11 Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. 12 Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. 13 Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe hulle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. 14 Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 22:15-18, Efesiërs 1:3-14*

SOAP:
*Efesiërs 1:11-12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Efesiërs 1:11-12*

DEUR CHRISTUS HET ONS DEEL GEWORD VAN DIE VOLK VAN GOD SOOS HY DIT VOORUIT AL BESTEM HET. SO HET HY HOM DIT VOORGENEEM, HY WAT ALLES LAAT GEBEUR VOLGENS SY RAADSBESLUIT. 12 DAAROM MOET ONS, DIE EERSTES WAT ONS HOOP OP CHRISTUS GESTEL HET, DIE GROOTHEID VAN GOD PRYS.

*Oordenking*

In Christus het ons alles. Ons voel miskien nie so as ons na ons omstandighede kyk nie, maar as ons ‘n tree terugstaan en kyk na wat regtig saak maak, sal ons sien dat ons in Christus alles het wat ons nodig het vir lewe en godsaligheid. Ons het nou alles wat ons nodig het in hierdie lewe, en ons het hoop op ‘n wonderlike erfenis in die toekoms.

Die lewe kan moeilik wees, maar dit is ook kort. Die ewigheid daarenteen is vir ewig. Die ewigheid is waar ons fokus moet wees. In Christus het ons ‘n erfenis wat die volgende insluit: die ewige lewe, volkome vryheid van sonde, konstante vreugde, oorweldigende vrede en tevredenheid, volmaakte gemeenskap met ander, en, die belangrikste, Christus self. Dit is gewaarborg omdat God dit aan ons belowe het en ons die Heilige Gees as seël gegee het. Hierdie seël kan nie verbreek word nie, en God kan nie op sy Woord teruggaan nie. Jou erfenis is veilig.

*Gebed*

Here, wanneer ons begin verstaan wat U alles vir ons gedoen het, alles wat U aan ons gegee het en alles wat U voorberei om ons in die toekoms te gee, moet ons met dankbaarheid en aanbidding vervul word. Help ons om u goedgunstigheid raak te sien en laat dit tot gevolg hê dat ons U meer liefhet.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat is die teken van God se verbond met Noag? Hoe herinner hierdie teken ons aan God se verbondstrou?

2. As God sê dat Hy die verbond met Noag sal onthou, beteken dit dan dat Hy dit sou kon vergeet? Wat beteken dit dat God onthou?

3. Hoe is Abraham gered? Word ons op dieselfde manier gered? Hoekom of hoekom nie?

4. Wat het God belowe om deur Abraham se nageslag te doen? Het God dit gedoen?

5. Wat beteken dit dat ons elke geestelike seën in Christus ontvang het? Wat is voorbeelde van hierdie geestelike seëninge wat ons ontvang het?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod.'"*

**MATTEUS 22:37-38**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hou hierdie week Sabbat. Sit een dag in die week opsy en hou op werk, strewe, skep, bou of organiseer en hou eenvoudig fees. Sluit jou familie en vriende in. Oordink jou ervaring. Wat sê Jesus oor die Sabbat? Hoe kan jy hierdie geestelike dissipline elke week in jou lewe toepas?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Eksodus 20:1-17*

1 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:

2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel
daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. 5 Jy mag
hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou
aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde
en vierde geslag van dié wat My haat, 6 maar Ek betoon my liefde tot aan die
duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die
een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. 9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat
jy moet, 10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag
jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir
jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11 Die Here het in
ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles
daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde
rusdag geheilig.

12 "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here
jou God vir jou gee.

13 "Jy mag nie moord pleeg nie.

14 "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

15 "Jy mag nisteel nie.

16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

17 "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie,
ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom
behoort nie."

## *Matteus 22:36-40*

36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" 37 Jesus antwoord
hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel'
en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die
tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40 In
hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.

# MAANDAG

LEES:
*Eksodus 20:1-17, Matteus 22:36-40*

SOAP:
*Matteus 22:36-40*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Matteus 22:36-40*

"MENEER," VRA HY, "WAT IS DIE GROOTSTE GEBOD IN DIE WET?" JESUS ANTWOORD HOM: "'JY MOET DIE HERE JOU GOD LIEFHÊ MET JOU HELE HART EN MET JOU HELE SIEL EN MET JOU HELE VERSTAND.' DIT IS DIE GROOTSTE EN DIE EERSTE GEBOD. EN DIE TWEEDE, WAT HIERMEE GELYK STAAN, IS: 'JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF.' IN HIERDIE TWEE GEBOOIE IS DIE HELE WET EN DIE PROFETE SAAMGEVAT."

*Oordenking*

In Eksodus 20 ontvang Moses die twee tafels waarop die wet met die vinger van God geskryf was. Dit was nie nuwe wette nie. Moord, steel, lieg en oneerbied teenoor God was nog altyd verkeerd. Maar nou is dit opgeskryf.

Baie, baie jare later kom ons by 'n toneel waar die Joodse leiers weereens probeer om Jesus uit te lok om iets te sê waarvoor hulle hom kon arresteer. Hulle wou weet watter gebooie die belangrikste is. Jesus se antwoord is perfek omdat dit al die gebooie insluit. Toe Hy gesê het ons moet die Here met ons hele hart, siel en verstand liefhê, het Hy verwys na die eerste vier gebooie van Eksodus 20. En toe Hy sê ons moet ons naaste liefhê soos onsself, het Hy verwys na die laaste ses gebooie.

Al tien gebooie is belangrik omdat dit God se morele wet is wat relevant is vir alle mense te alle tye. Deur hulle te onderhou, het ons God en ons naaste lief.

*Gebed*

Here, help ons om u wet lief te hê. Dit is goed en volmaak en reg, en deur dit te onderhou betoon ons liefde aan U en diegene rondom ons. Gee aan ons 'n begeerte en laat ons daaroor bly wees om te doen wat reg is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

### *Eksodus 24:3-8*

3 Moses het toe al die gebooie en bepalings van die Here aan die volk gaan bekend
maak. Hulle het soos een man gesê: "Ons sal alles doen wat die Here beveel het."
4 Toe het Moses al die gebooie van die Here neergeskryf. Vroeg die volgende
oggend het hy aan die voet van die berg 'n altaar gebou van twaalf klippe, vir die
twaalf stamme van Israel. 5 Hy het toe van die jong Israeliete gestuur om bulle
as brandoffers en maaltydoffers vir die Here te offer. 6 Moses het die helfte van
die bloed in bakke gehou en die ander helfte op die altaar gesprinkel. 7 Hy het
die verbondsboek geneem en dit vir die volk voorgelees. Hulle het gesê: "Ons sal
alles doen wat die Here beveel het en daaraan gehoorsaam wees." 8 Moses het toe
die bloed gevat en op die volk gesprinkel terwyl hy sê: "Dit is die bloed van die
verbond wat die Here op grond van al hierdie gebooie met julle gesluit het."

### *Matteus 5:17-20*

17 "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is. "Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie."

# DINSDAG

LEES:
*Eksodus 24:3-8, Matteus 5:17-20*

SOAP:
*Matteus 5:17*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Matteus 5:17*

"MOENIE DINK DAT EK GEKOM HET OM DIE WET EN DIE PROFETE ONGELDIG TE MAAK NIE. EK HET NIE GEKOM OM HULLE ONGELDIG TE MAAK NIE, MAAR OM HULLE HULLE VOLLE BETEKENIS TE LAAT KRY."

*Oordenking*

Nadat die Israeliete die wet ontvang het, het hulle dadelik belowe om gehoorsaam te wees en terstond die wet nagekom. Dit het egter nie lank geduur voordat hulle gefaal het nie. Ons is dieselfde. Ons belowe gou om gehoorsaam te wees en skiet dan te kort. Vanweë sonde is ons nie in staat om die wet volmaak te onderhou nie. Sonde het hierdie vermoë in ons geruïneer, maar nie alles is verlore nie.

Toe Jesus gekom het, het Hy nie gekom om van die wet ontslae te raak nie, maar om dit te vervul. Hy het aan die vereistes van die wet voldoen. Hy het die bedoeling van die wet vervul, en Hy het dit vir ons gedoen. Nie net is ons sondes vergewe nie, maar ons het die geregtigheid van Jesus ontvang. Hy het die wet vir ons nagekom omdat Hy geweet het dat ons nie kon nie.

Dit beteken nie dat ons nie moet probeer om die wet te onderhou nie. As ons die Here liefhet, sal ons gehoorsaam wil wees; gehoorsaamheid is 'n teken van 'n hart wat verander is. Danksy Christus kan die wet ons nie meer veroordeel nie. In plaas daarvan wys dit vir ons hoe ons behoort te lewe en dit wys ons heen na Jesus.

*Gebed*

Here, U is vol genade en barmhartigheid. Ons verdien nie wat U alles vir ons gedoen het nie, en ons is dikwels nie erkentlik genoeg nie. Vergewe asseblief ons ondankbaarheid. Raak ons harte aan om in verwondering teenoor u liefde en omgee vir ons te wees.

# W O E N S D A G

*S k r i f g e d e e l t e s   v i r   W e e k   2*

## *E k s o d u s   3 1 : 1 2 - 1 7*

12 Die Here het vir Moses gesê: 13 “Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my
sabbatte. Dit is van geslag tot geslag ’n teken tussen My en julle sodat julle kan
besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. 14 Onderhou dus die sabbat. Dit
moet vir julle ’n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy, moet doodgemaak word. Wie
op dié dag werk, moet van sy volk afgesny word. 15 Ses dae kan daar gewerk word,
maar die sewende dag is ’n rusdag, ’n sabbat wat gewy is aan My, die Here. Elkeen
wat op die sabbatdag werk, moet doodgemaak word. 16 “Die Israeliete moet die
sabbat onderhou. Ook op hulle nageslag lê die verbond ’n blywende verpligting
om die sabbat te onderhou. 17 Dit sal vir altyd ’n teken wees tussen My en die
Israeliete. In ses dae het Ek, die Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die
sewende dag het Ek nie gewerk nie, maar gerus.”

## *M a r k u s   2 : 2 3 - 3 : 6*

23 Eenkeer toe Jesus op ’n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so
in die loop are begin afpluk. 24 Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Kyk daar! Waarom
doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie?” 25 Hy sê vir
hulle: “Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie
kos gehad het nie en honger gekry het? 26 Hy het in die tyd van die hoëpriester
Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand
anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee.” 27
Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die
mens vir die sabbatdag nie. 28 Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die
sabbat.”

3:1 Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was ’n man met ’n gebreklike
hand. 2 Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die
sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daaroor kon aankla. 3 Hy sê toe
vir die man met die gebreklike hand: “Staan op hier tussen hulle!” 4 Daarna vra
Hy vir hulle: “Mag ’n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand
red of doodmaak?” Hulle het egter niks gesê nie. 5 Hy het hulle rondom Hom
kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man:
“Steek jou hand uit!” Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond. 6 Die Fariseërs
het uitgegaan en dadelik met die Herodiane ’n komplot teen Jesus gesmee om
Hom om die lewe te bring.

# WOENSDAG

LEES:
*Eksodus 31:12-17, Markus 2:23-3:6*

SOAP:
*Markus 2:27-28*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# W O E N S D A G

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Markus 2:27-28*

JESUS HET VERDER VIR HULLE GESÊ: "DIE SABBATDAG IS VIR DIE MENS GEMAAK EN NIE DIE MENS VIR DIE SABBATDAG NIE. DAAROM IS DIE SEUN VAN DIE MENS HERE ÓÓK OOR DIE SABBAT."

*Oordenking*

Die idee van 'n Sabbat is sedert die begintye bekend. Vir ses dae het die Here geskep en toe op die sewende dag het Hy gerus. Hy het die praktyk van die Sabbat ingesluit by die wet op Berg Sinai. God het vir Moses gesê om met die volk te praat oor die belangrikheid daarvan om die Sabbat te onderhou. Teen die tyd dat Jesus gekom het, het die godsdienstige leiers 'n hoop strawwe reëls vir die Sabbat ingestel, wat nie was wat God oorspronklik gesê het nie. Jesus het sy dissipels daaraan herinner dat die Sabbat nie uitgedien was nie, maar dat dit nie 'n las moes wees nie omdat dit tot ons voordeel ingestel was.

As ons 'n rusdag in ons week hou, volg ons God na en gee ons liggaam en verstand 'n dag om te rus sodat ons weer kan doen waartoe God ons geroep het. Hierdie verbond dui vir ons op 'n dag wanneer ons 'n ewige Sabbatsrus ingaan. Sabbat sal vir ewig duur. Ons sal rus hê van kwaad en sonde, van kommer en sorge, van swaarkry en verdriet. Ons sal ewige rus vind wanneer ons by God in sy stad woon en dit sal glorieryk wees.

*Gebed*

Here, U het ons gemaak en U weet hoe ons die beste funksioneer. Ons liggame en verstand het rus nodig, en daarom het U vir ons die Sabbat gegee. Help ons om daarvoor lief te wees om 'n Sabbatdag te onderhou om op U te fokus, by ons gesinne te wees en ons liggame te laat rus sodat ons die goeie werk waartoe U ons geroep het, kan voortsit. Help ons ook om te onthou dat ons Sabbatdaggies hier op aarde heenwys na 'n veel groter Sabbat wat ons eendag sal beleef wanneer ons U van aangesig tot aangesig sien.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *2 Samuel 7:1-17*

1 Toe koning Dawid in sy eie huis woon, nadat die Here hom rus gegee het van al sy vyande
in die omgewing, 2 sê hy vir die profeet Natan: "Kyk, ek woon in 'n huis wat met sederhout
versier is, maar die ark van God staan in 'n tent." 3 Natan het die koning geantwoord: "Doen
gerus alles wat u in gedagte het. Die Here is by u." 4 Dieselfde nag het daar egter iets gebeur:
die woord van die Here het tot Natan gekom en vir hom gesê: 5 "Gaan sê vir my dienaar
Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My 'n huis bou om in te woon? 6 Vandat Ek die Israeliete
uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in 'n huis gewoon nie. Ek het in 'n tent
en tabernakel rondgeswerf 7 saam met al die Israeliete. Het Ek ooit vir een van die stamme
wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te neem, gesê: 'Waarom bou
julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?'

8 "Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die
weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. 9 Oral waar jy gegaan
het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd
gemaak soos die grotes op die aarde. 10 Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom
gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk
soos voorheen 11 toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al
jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. 12 Wanneer
jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun,
koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou,
en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. 14 Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal
vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.
15 Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou
plek te maak nie. 16 Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal
altyd voortbestaan." 17 Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid
oorgedra.

## *Matteus 1:1-17*

1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham:

2 Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers; 3 Juda
was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron en Gesron van Ram; 4 Ram was
die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon; 5 Salmon was
die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; 6 Isai was die vader van
koning Dawid.

Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija; 7 Salomo was die vader van
Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat, Josafat van
Joram, en Joram van Ussia; 9 Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas van
Hiskia; 10 Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia; 11
Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk weggevoer na Babilonië toe.

12 En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël, en Sealtiël
van Serubbabel; 13 Serabbabel was die vader van Abihud, Abihud van Eljakim, en Eljakim
van Asor; 14 Asor was die vader van Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud; 15 Elihud
was die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob; 16 Jakob was die vader
van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. 17 Altesaam
was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by
die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus.

# DONDERDAG

LEES:
*2 Samuel 7:1-17, Matteus 1:1-17*

SOAP:
*2 Samuel 7:16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: 2 Samuel 7:16*

"JOU KONINGSHUIS EN JOU KONINGSKAP SAL VIR ALTYD VAS STAAN; JOU TROON SAL ALTYD VOORTBESTAAN."

*Oordenking*

Koninkryke en ryke, konings en heersers; een vir een word hulle vir 'n tydperk opgebou, en dan word hulle afgebreek. Geen koninkryk duur vir ewig nie, behalwe een. God het 'n belofte aan koning Dawid gemaak dat sy koninkryk geen einde sou sien nie. Miskien het Dawid gedink dit was omdat sy koninklike lyn vir ewig sou aangaan, maar ons weet nou dit is omdat Jesus op Dawid se troon sit.

Jesus is 'n afstammeling van Dawid en daarom 'n regmatige erfgenaam van Dawid se troon. Die troon wat Jesus inneem, kan nie omvergewerp word nie en sy koninkryk kan nie afgebreek word nie. Diegene wat aan Jesus behoort, behoort ook aan 'n koninkryk wat met regverdigheid, liefde, vrygewigheid, genade en krag regeer word. Hoe dankbaar moet ons tog wees dat ons aan so 'n koninkryk en so 'n koning behoort.

*Gebed*

Here, U is die Koning van die konings en Heerser van almal, maar slegs diegene wat in U glo, sal deel van u koninkryk kan wees. Help ons om lief te wees vir wie U is, U te gehoorsaam en gee ons die passie om ander van U en u koninkryk te vertel. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *2 Samuel 7:18-29*

18 Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: "Wie
is ek, Here my God, en wie is my nageslag dat U my só ver gebring het? 19 Selfs
dít was vir U nog nie genoeg nie, Here: U het ook nog vir die nageslag van u
dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak. Wat 'n toesegging aan 'n mens,
Here my God! 20 "Wat sou ek, Dawid, nog verder vir U kon sê? U ken immers u
dienaar, Here. 21 U het hierdie groot ding gedoen omdat dit u besluit en wil was
en boonop het U dit nog aan u dienaar bekend gemaak. 22 Daarom, groot is U,
Here my God! Daar is niemand soos U nie. Buitendien U is daar geen God nie,
van hoeveel gode ons ook al gehoor het. 23 Watter volk is soos u volk Israel? Hulle
is die een nasie op die aarde wat U vir U as volk vrygemaak het. U het u Naam
bekend gemaak en in hierdie land aan nasies en hulle gode groot en vreeslike dinge
gedoen ter wille van u volk wat U vir U uit Egipte vrygemaak het. 24 U het u
volk Israel vir U gevestig as 'n volk wat vir altyd aan U behoort. En U, Here, U
het hulle God geword. 25 En nou, Here God, bevestig tog vir altyd wat U oor u
dienaar en sy nageslag gesê het. Doen tog soos U belowe het, 26 sodat u Naam vir
altyd groot kan wees as daar gesê word: "'Die Here, die Almagtige, is God van
Israel.' "Laat die nageslag van u dienaar Dawid voor U voortbestaan. 27 Here,
Almagtige, God van Israel, U het nadruklik vir u dienaar gesê: 'Ek sal vir jou 'n
koningshuis vestig,' en daarom het u dienaar die vrymoedigheid gehad om hierdie
gebed tot U te rig. 28 "En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word.
U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak. 29 Begin tog nou en seën die
huis van u dienaar om vir altyd in u diens te wees! Here my God, U het gepraat en
omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën."

## *Openbaring 22:16*

16 "Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te
betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder
Môrester."

# VRYDAG

LEES:
*2 Samuel 7:18-29, Openbaring 22:16*

SOAP:
*2 Samuel 7:28-29*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: 2 Samuel 7:28-29*

"EN NOU, HERE, U IS GOD. U WOORDE SAL BEWAARHEID WORD. U HET HIERDIE GOEIE BELOFTE AAN U DIENAAR GEMAAK. BEGIN TOG NOU EN SEËN DIE HUIS VAN U DIENAAR OM VIR ALTYD IN U DIENS TE WEES! HERE MY GOD, U HET GEPRAAT EN OMDAT U SEËN, IS DIE KONINGSHUIS VAN U DIENAAR VIR ALTYD GESEËN."

*Oordenking*

Onthou jy die belofte wat God aan Abram gemaak het dat sy nageslag net soveel soos die sterre aan die hemel sou wees? Wel, God het sy belofte nagekom en Dawid het koning geword oor die nasie wat God uit een man gebou het. God het ook sy belofte nagekom dat daar eendag iemand sal wees wat op Dawid se troon sal sit en vir ewig sal regeer.

Met Kersfees vier ons die geboorte van hierdie afstammeling van Dawid. Jesus het Homself verneder, nie net om 'n mens te word nie, maar ook om 'n man te word wat tot die koninklike geslag van Dawid behoort. Hy is die Een wat vir ewig op die troon sit en oor alle dinge regeer. Eendag sal Hy alles nuut maak en almal wat in Hom glo, in sy koninkryk vestig. Jesus sal oor alles heers met wysheid, vrede, getrouheid en goedheid.

*Gebed*

Here, U is nie net 'n God wat beloftes maak nie, maar wat dit ook nakom. Laat ons smag na u Woord sodat ons meer vertroud kan raak met al die beloftes wat U gemaak het, en help ons om te sien hoe U dit nakom. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom moet ons hoogste prioriteit wees om God lief te hê? Watter impak het dit op ons alledaagse lewe? Het jy God lief in jou alledaagse lewe?

2. Waarom beveel God ons om ons naaste lief te hê? Is jy lief vir jou naaste in jou alledaagse lewe? Hoe?

3. Wat beteken dit dat Christus gekom het om die wet te vervul eerder as om dit af te skaf? Beteken dit dat ons steeds die Ou-Testamentiese wet moet volg? Hoekom of hoekom nie?

4. Wat was Dawid se reaksie op God se belofte? Wat is opvallend aan Dawid se reaksie op God se belofte?

5. Het God die verbond wat Hy met Dawid gesluit het, vervul? Hoekom sê jy so?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God vertrou. Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.*

**2 KORINTIËRS 3:4-6**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Op watter wyses het jou lewe verander in maniere om die "wet na te kom"? Het jy in 'n wettiese denkwyse verval in enige area van jou lewe? Besin hierdie week oor die maniere waarop God sy getrouheid aan jou openbaar ongeag jou optrede. Hoe kan jy vorder en wettiesheid of'n werksgerigte denkwyse uit jou lewe en jou wandel met God skakel?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Romeine 7:6*

6 Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie.

*Romeine 8:1-4*

1 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. 2 Die wet
van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die
wet van sonde en dood. 3 Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit
weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde
afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het
Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. 4 Nou kan ons aan
die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat
beheers nie, maar deur die Gees.

# MAANDAG

LEES:
*Romeine 7:6, Romeine 8:1-4*

SOAP:
*Romeine 8:3-4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Romeine 8:3-4*

"WAT DIE WET NIE BY MAGTE WAS OM TE DOEN NIE, OMDAT DIT WEENS ONS SONDIGE NATUUR TE SWAK WAS, DIT HET GOD GEDOEN. HY HET DIE SONDE BINNE DIE SONDIGE BESTAAN VAN DIE MENS VEROORDEEL DEUR SY EIE SEUN IN DIESELFDE GESTALTE AS DIE SONDIGE MENS TE STUUR AS 'N OFFER VIR DIE SONDE. NOU KAN ONS AAN DIE EISE VAN DIE WET VOLDOEN, ÓNS WAT ONS LEWE NIE DEUR ONS SONDIGE NATUUR LAAT BEHEERS NIE, MAAR DEUR DIE GEES."

*Oordenking*

Baie mense hou nie van die wet nie; hulle wil doen wat hulle wil. Maar die wet is goed. Dit hou orde en aanspreeklikheid. God se wet is nog beter. Dit is goed omdat dit van God self af kom, en dit het ook drie hooffunksies. Eerstens wys dit ons hoe ons moet leef. Tweedens wys dit op hoe ons misluk omdat ons nie aan die verwagtinge kan voldoen nie. Derdens, omdat ons nie die wet perfek kan vervul nie, wys dit ons op Jesus.

Die swakpunt van die wet is dat dit ons nie kan red nie. Dit kan veroordeel, dit kan ons wys hoe ons moet leef, maar dit kan ons nie help as ons droogmaak nie. Dit is waarom Jesus gebore is, grootgeword het en as mens geleef het, sodat Hy in alle opsigte die wet vir ons volkome sou onderhou. Hy het gely en gesterf om die boete te betaal vir oortreders soos ek en jy. Jesus het vir ons gedoen wat die wet nie kan doen nie: om redding te bewerkstellig.

*Gebed*

Here, help ons om die wet lief te hê, want deur dit te onderhou eer ons U. Help ons om te onthou dat geen werke ons kan red nie. Ons is nie goed genoeg, sterk genoeg of slim genoeg om te leef volgens die standaard wat U waardig is nie. Dankie dat U Jesus gestuur het om die wet vir ons te vervul en ons te red van ons mislukkings. Gee ons 'n dankbare hart vir alles wat Jesus gedoen het. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Jeremia 31:31-37*

31 Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal
sluit. 32 Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het
toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie
verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die
Here. 33 Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here:
Ek sal my woord op julle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God
wees en hulle sal my volk wees.

34 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die
Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle
oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.

35 So sê die Here, Hy wat die son bedags laat skyn, die maan en sterre beveel om
snags te skitter, Hy wat die see onstuimig laat word, wat sy golwe laat druis, wie se
Naam Here die Almagtige is:

36 Eers as hierdie dinge uit my teenwoordigheid verdwyn, sê die Here, sal die
nageslag van Israel ophou om vir altyd in my teenwoordigheid 'n nasie te wees.

37 So sê die Here: As die hemel daarbo afgemeet kan word en as die fondamente
van die aarde daaronder vasgestel kan word, sal Ek die hele nageslag van Israel
verwerp oor alles wat hulle gedoen het, sê die Here.

# DINSDAG

LEES:
*Jeremia 31:31-37*

SOAP:
*Jeremia 31:33*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Jeremia 31:33*

"DIT IS DIE VERBOND WAT EK IN DIE TOEKOMS MET ISRAEL SAL SLUIT, SÊ DIE HERE: EK SAL MY WOORD OP HULLE HARTE SKRYF EN DIT IN HULLE GEDAGTE VASLÊ. EK SAL HULLE GOD WEES EN HULLE SAL MY VOLK WEES."

*Oordenking*

Gehoorsaamheid aan die wette van God was wat van die Israeliete vereis was om onder sy verbond te bly. Israel het redelik gou God se wette oortree. Dit het God glad nie verbaas nie. Dit was alles deel van sy verlossingsplan. Die wet was juis daar om te wys dat sonde so diep gesetel is dat niemand deur werke verlossing kan verdien nie. God vereis volmaaktheid en daar is nie 'n enkele persoon wat dit op sy of haar eie kan regkry nie.

God het 'n nuwe verbond belowe, een wat op geloof sal berus, nie op werke nie. In hierdie verbond sal God se wette op die harte van sy mense geskryf wees; Hy sal hulle gretig maak om dit te onderhou, en Hy sal 'n oplossing bied vir diegene wat dit nie doen nie. Jeremia het nie baie besonderhede oor hierdie nuwe verbond ontvang nie, maar ons weet nou dat dit net moontlik is as gevolg van Jesus.

*Gebed*

Dankie Here, dat U volkome in beheer is van alles. U het van die begin af geweet dat ons U sou faal, en tog het U nie moed opgegee met ons nie. Dankie dat U Jesus gestuur het om ons skuld aan U te betaal, om ons harte te verander en die nodige hulp te verleen. Laat die begeerte in ons toeneem om u goeie wette te onderhou.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Hebreërs 8:6-13*

6 Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is.

7 As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig
gewees het nie. 8 Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê:

"Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

9 Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here.

10 Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

11 Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie.

Hulle almal, klein en groot, sal My ken.

12 Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie,"

13 Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn.

## *2 Korintiërs 3:4-6*

4 Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God kan vertrou. 5 Uit onsself
is ons nie instaat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid
kom van God, 6 wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond
te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak die dood, die
Gees maak lewend.

# WOENSDAG

LEES:
*Hebreërs 8:6-13, 2 Korintiërs 3:4-6*

SOAP:
*2 Korintiërs 3:4-6*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: 2 Korintiërs 3:4-6*

ONS SÊ DIT OMDAT ONS DEUR CHRISTUS TEN VOLLE OP GOD VERTROU. UIT ONSSELF IS ONS NIE IN STAAT OM IETS TE BEDINK ASOF DIT UIT ONSSELF KOM NIE. ONS BEKWAAMHEID KOM VAN GOD, WAT ONS BEKWAAM GEMAAK HET OM BEDIENAARS VAN 'N NUWE VERBOND TE WEES, NIE VAN DIE LETTER NIE, MAAR VAN DIE GEES. DIE LETTER MAAK DOOD, DIE GEES MAAK LEWEND.

*Oordenking*

Die ou verbond het van die mense vereis om God se wet nougeset na te kom. Dit was 'n belofte wat tussen die mense en God aangegaan is. Omdat God se volk nie die wet kon onderhou nie, moes daar diereoffers gebring word as versoening vir sonde. God het geweet dat mense nie hulleself kon red deur gehoorsaamheid en werke nie, daarom het Hy 'n nuwe verbond bekend gestel. .

Die nuwe verbond is nie van mense afhanklik nie. Dit berus volkome op God. Hy sou die laaste priester stuur om eens en vir altyd die laaste offer uit te voer as versoening vir sy volk se sondes. Aangesien die nuwe verbond uitsluitlik op Jesus berus, is dit 'n beter verbond. Dit gaan nou net oor genade.

*Gebed*

Here, ons vra U om ons te help om in verwondering te wees oor hierdie nuwe verbond wat U met u mense aangegaan het, en wat ons insluit. Help ons om te begryp hoe diep ons verdorwenheid gesetel is en dat ons sonder die werk van Jesus vir ewig verlore sou wees. Dankie dat U ons so liefhet dat U u Seun vir ons gestuur het.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Matteus 26:26-30*

26 En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het
Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: “Neem, eet; dit is my
liggaam.” 27 Toe neem Hy ’n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het,
gee Hy dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit, 28 want dit is my bloed, die
bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing
van sondes. 29 Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink
nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van
my Vader sal drink.” 30 Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan
Olyfberg toe.

## *Hebreërs 9:15*

15 Daarom is Hy ook die Middelaar van ’n nuwe verbond. Sy dood het
plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond
begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang.

# DONDERDAG

LEES:
*Matteus 26:26–30, Hebreërs 9:15*

SOAP:
*Hebreërs 9:15*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hebreërs 9:15*

DAAROM IS HY OOK DIE MIDDELAAR VAN ‘N NUWE VERBOND. SY DOOD HET PLAASGEVIND OM MENSE TE VERLOS VAN DIE OORTREDINGE WAT ONDER DIE EERSTE VERBOND BEGAAN IS, SODAT DIÉ WAT GEROEP IS, DIE BELOOFDE EWIGE ERFENIS KAN ONTVANG.

*Oordenking*

Met Jesus se koms het die nuwe verbond aangebreek. Hierdie verbond was nie meer deur werke en offerandes gekenmerk nie maar deur geloof in die werk van Jesus. God het van die begin af geweet dat mense nie in staat sou wees om die ou verbond te onderhou nie, en daarom het Hy Jesus gestuur.

Wat so wonderlik is omtrent die nuwe verbond, is dat Jesus alles gedoen het. Hy het die wet volmaak onderhou en sy geregtigheid word aan ons toegeskryf. Hy het die boete betaal vir al die wette wat ons verbreek het. Hy het die toorn en oordeel van God namens ons verduur. Hy het uit die graf opgestaan sodat ons die krag het om teen sonde te stry en nie daardeur baasgeraak te word nie. Jesus het deur sy lewe, dood en opstanding alles voorsien wat ons nodig het vir ‘n godvrugtige lewe. Ons doen niks.

Dit is heerlike genade! Dit is oorvloedige liefde. Dit is volkome barmhartigheid.

*Gebed*

Here ons is ‘n verwondering oor hoeveel U bereid was om te doen om ‘n gevalle mensdom met Uself te versoen. U is alles wat deur en deur goed en barmhartig is. Herinner ons elke dag watter geskenk ons verlossing is. Help ons om lewens van lofprysing te lei.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Lukas 22:14-20*

14 Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. 15
Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam
met julle te eet voordat Ek ly. 16 Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit
in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie." 17 Daarn neem Hy 'n
beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan. 18 Ek
sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God
gekom het nie." 19 Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, en breek dit
en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word.
Gebruik dit tot my gedagtenis." 20 Met die beker na die maaltyd het Hy net so
gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir
julle vergiet word.

## *1 Korintiërs 11:23-34*

23 Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here
Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem 24 en, nadat Hy God
daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir
júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis." 25 Net so ook het Hy ná die maaltyd die
beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed
beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." 26 Elke
keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood
van die Here totdat Hy kom.

27 Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die
Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here.
28 Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die
beker drink, 29 want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam
van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself. 30 Daarom is daar baie
swakkes en sieklikes onder julle. 31 As ons onsself vooraf reg ondersoek het, sou
ons nie onder die oordeel gekom het nie. 32 Maar nou word ons deur die Here
geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word
nie. 33 Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir
mekaar. 34 As een van julle honger is, moet hy liewer by die huis eet, sodat julle
nie 'n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie. Die ander sake sal ek reël
wanneer ek daar kom.

# VRYDAG

LEES:
*Lukas 22:14–20, 1 Korintiërs 11:23-34*

SOAP:
*1 Korintiërs 11:25-26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: 1 Korintiërs 11:25-26*

NET SO OOK HET HY NÁ DIE MAALTYD DIE BEKER GENEEM EN GESÊ: HIERDIE BEKER IS DIE NUWE VERBOND, WAT DEUR MY BLOED BESEËL IS. GEBRUIK DIT, ELKE KEER AS JULLE DAARUIT DRINK, TOT MY GEDAGTENIS. ELKE KEER AS JULLE VAN HIERDIE BROOD EET EN UIT DIE BEKER DRINK, VERKONDIG JULLE DIE DOOD VAN DIE HERE TOTDAT HY KOM.

*Oordenking*

Wanneer ons deel word van die nuwe verbond, verander dit ons harte. Ons kan saam met mense wat anders as ons is, leef en aanbid, omdat ons saam gered is deur Jesus.

'n Hart wat verander het, is baie kragtig, want dit styg uit bo mense se agtergrond, ervarings en kulture. Die nuwe verbond bring mense van alle nasies en tale saam want verlossing bring eenheid.

Hierdie is een van die redes waarom Jesus die Nagmaal ingestel het. Ons moet gereeld herinner word aan die opoffering wat Jesus gedoen het want dit is waar ons verlossing gevind word. In Jesus, en as gevolg van sy dood, kan ons een wees met mense vanuit alle vlakke van die samelewing.

*Gebed*

Here, daar is so baie redes waarom ons ander moet liefhê. Versterk ons liefde vir alle mense en gee ons 'n spesiale liefde vir ander gelowiges, sodat ongeag van waar hulle kom of wat hulle lewensverhaal is, ons eenheid kan vind in U.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat het veroorsaak dat die wet ons nie kon red nie? Hoe het Christus bereik wat die wet nie kon nie?

2. Waarom moes God ‘n nuwe verbond met Israel en Juda sluit? Wat is die nuwe verbond?

3. Hoe vestig Christus God se nuwe verbond? Wat word van ons vereis onder die nuwe verbond?

4. Wat ontvang ons van Christus onder die nuwe verbond?

5. Hoe hou nagmaal verband met die nuwe verbond? Waarom is nagmaal vir gelowiges in Christus ‘n belangrike sakrament om aan deel te neem?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"*

**LUKAS 2:10-11**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Voordat die gewoel van Kersfees oorneem, wy jouself daaraan toe om hierdie week elke dag tyd saam met God deur te bring. Hy is die rede waarom ons hierdie seisoen iets het om te vier! Watter beter manier om sy koms en opstanding te vier as om elke dag tyd saam met Hom te spandeer, om Hom te loof vir sy getrouheid en sy verbondsbeloftes asook vir die geskenk van Jesus. Laat jou lewe spreek van dankbaarheid vir sy getrouheid deur jou te verbind tot jou verhouding met Hom.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Lukas 1:1-25*

1 Hoogeagte Teofilus!

Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder
ons gebeur het. 2 Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die
mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. 3 Daarom
het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en
die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. 4 So kan u te wete
kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.

5 In die tyd van koning Herodus van Judea was daar 'n priester met die naam
Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en
haar naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou aan die wet van God en het
onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7 Hulle het geen
kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver
gevorderde leeftyd.

8 Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die
priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy volgens die priesterlike gebruik deur die
lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar
te brand. 10 Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite
besig om te bid. 11 Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n
engel van die Here aan hom. 12 Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en
hy het baie bang geword, 13 maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie,
Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk,
en jy moet hom Johannes noem. 14 Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou
wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, 15 want hy sal groot wees in die oë van
die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy
met die Heilige Gees vervul wees. 16 Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer
tot die Here hulle God. 17 En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en
krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op
die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te
berei."

18 Toe sê Sagaria vir die engel: "Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my
vrou is al op ver gevorderde leeftyd." 19 Die engel antwoord hom: "Ek is Gabriël,
wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie
tyding vir jou te bring. 20 Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die
dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul
sal word, nie geglo het nie."

21 Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy
so lank in die tempel bly. 22 Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle
kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir
hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis
toe gegaan.

24 Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank
afgesonder. Sy het gesê: 25 "Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my
omgesien om my smaad onder die mense weg te neem."

# MAANDAG

LEES:
*Lukas 1:1-25*

SOAP:
*Lukas 1:25*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Lukas 1:25*

DIE HERE HET DIT VIR MY GEDOEN. NOU HET HY NA MY OMGESIEN OM MY SMAAD ONDER DIE MENSE WEG TE NEEM.

*Oordenking*

God het dit voorafbeskik dat daar een laaste profeet sou wees wat die koms van sy Seun sou aankondig. Soos Hy velemaal al in die verlede gedoen het, het God 'n paartjie gekies wat nie kinders kon hê nie en hulle 'n baba belowe. Hierdie baba sou opgroei en Johannes, die Doper wees, die man wat die mense van sy tyd sou voorberei op die koms van Jesus.

Kan jy jou Elisabet se vreugde voorstel? Nie net sou sy die baba hê wat sy al so lank voor gebid en na gehunker het nie; nie net het God haar smaad verwyder nie, maar hierdie kind sou opgroei om die Here te dien op 'n ongelooflike manier.

God is altyd besig om te werk op buitengewone maniere en Hy doen dit steeds vandag. Ons mag dit dalk nie altyd herken nie omdat ons so "in die oomblik leef" maar God maak vir ons beloftes in Sy Woord en Hy hou Sy beloftes. Hy kan ongelooflike dinge in ons lewens doen. Kom ons vertrou dat sy maniere die wonderlikste en beste is.

*Gebed*

Here, help ons om meer noukeurig na ons lewens te kyk en te sien hoe U daarin gewerk het en die beloftes wat U gehou het. Maak ons oë oop sodat ons nie blind is vir U goedheid nie.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Lukas 1:26-38*

1 In die sesde maand van Elisabet se swangerkap het God die engel Gabriël gestuur
na ’n maagd in Nasaret, ’n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, ’n man
uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe die engel
by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.” 29 Sy was
verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.
30 Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys
genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring, en jy moet
Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste
genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,
33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy
koningskap sal daar geen einde wees nie.” 34 Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is
so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met ’n man gehad het nie?” 35
Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die
Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig
genoem word, die Seun van God.

36 Kyk, ’n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook ’n seun
ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand.
37 Niks is vir God onmoontlik nie.” 38 Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van
die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.” Toe het die engel van haar af
weggegaan.

# DINSDAG

LEES:
*Lukas 1:26-38*

SOAP:
*Lukas 1:31-33*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Lukas 1:31-33*

"JY SAL SWANGER WORD EN 'N SEUN IN DIE WÊRELD BRING, EN JY MOET HOM DIE NAAM JESUS GEE. HY SAL GROOT WEES EN DIE SEUN VAN DIE ALLERHOOGSTE GENOEM WORD. DIE HERE GOD SAL HOM DIE TROON VAN SY VOORVADER DAWID GEE, EN HY SAL AS KONING OOR DIE NAGESLAG VAN JAKOB HEERS TOT IN EWIGHEID. AAN SY KONINGSKAP SAL DAAR GEEN EINDE WEES NIE."

*Oordenking*

Toe dit uiteindelik tyd was vir God om die koms van die Messias aan te kondig, het Hy weer die onverwagse en buitengewone gekies. God het 'n engel na 'n jong, ongetroude meisie gestuur. Om net so 'n wese te sien, sal iemand bang maak, maar hierdie engel het vir haar gesê dat sy die moeder van die Verlosser van die mensdom sou wees. Nie net sou die Messias sy volk red nie, maar Hy sal ook regeer oor 'n koninkryk wat geen einde het nie.

Hoe moes Maria tog gevoel het! Dit is 'n wonderlike aankondiging en een wat ons nie verdien nie. God het ons lief met so 'n goddelike liefde dat Hy sy Seun na ons toe gestuur het sodat ons gered kan word. Toe oorspoel Hy ons met 'n oorvloed van genade.

*Gebed*

Here, U is goedheid en genade. U is vol barmhartigheid en vriendelikheid. Ons verdien nie alles wat U vir ons gedoen het nie, en tog het U in elk geval vir ons gesterf. Help ons om in ruil daarvoor diepe liefde en dankbaarheid te ervaar wat ons na gehoorsaamheid en goeie werke lei.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Lukas 1:39-56*

39 Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die
bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir
Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in
Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 42 en het
hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou
moederskoot! 43 Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na
my toe kom? 44 Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore geklink, het die
kindjie in my van vreugde beweeg. 45 Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal
gaan wat die Here vir haar gesê het!"

46 En Maria het gesê:

"Ek besing ie grootheid van die Here,
47 ek juig oor God, my Verlosser,
48 omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe
geslag my gelukkig noem, 49 omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen
het. Heilig is sy Naam!
50 Hy bewys ontferming vna geslag tot geslag aan dié wat Hom eer.
51 Kragtige dade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges in hulle eiewaan het Hy
uitmekaargejaag; 52 magshebbbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog;
53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur.
54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van
ontferming
55 soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in
ewigheid."

56 Maria het omtrent drie maande by Elisabet gebly en daarna teruggegaan huis
toe.

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 1:39-56*

SOAP:
*Lukas 1:46-50*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Lukas 1:46-50*

EN MARIA HET GESÊ: "EK BESING DIE GROOTHEID VAN DIE HERE, EK JUIG OOR GOD, MY VERLOSSER, OMDAT HY NA MY IN MY GERINGHEID OMGESIEN HET. KYK, VAN NOU AF SAL ELKE NUWE GESLAG MY GELUKKIG NOEM, OMDAT HY WAT MAGTIG IS, GROOT DINGE AAN MY GEDOEN HET. HEILIG IS SY NAAM! HY BEWYS ONTFERMING VAN GESLAG TOT GESLAG AAN DIÉ WAT HOM EER.

*Oordenking*

Hierdie gesinsbesoek was nie soos enige familiebesoek in die geskiedenis nie. Kan jy die gesprek tussen Maria en Elisabet voorstel oor hul wonderbaarlike swangerskappe? Elisabet het aan Maria gesê dat diegene wat glo dat die Here sy beloftes sal nakom, geseënd is.

Maria het beslis geglo en is met soveel ontsag oorkom dat sy in lofprysing uitgebreek het. Sy het nie geweet dat sy in 'n stal sou geboorte gee nie of van 'n koning sou ontsnap wat haar baba wou doodmaak nie. Sy was onbewus van die harde pad wat haar seun sou wandel of die hartseer wat sy sou ervaar toe sy sien hoe Hy bespot, geslaan en doodgemaak word.

Sy het wel geweet dat sy gekies is om na die Seun van God om te sien en dat God elke belofte wat Hy aan haar gemaak het, sou nakom, insluitende dat Hy by haar sou wees en haar sou help.

*Gebed*

Here, die manier waarop U alles in die geskiedenis saam laat werk het, sodat hierdie twee vroue die wonderwerk van hul swangerskappe sou ervaar, is ongelooflik. Help ons om te onthou dat U hand ook op ons lewens is en dat ons U onverdeelde aandag het. Help ons om vreugde te vind in alle omstandighede, want U is by ons.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Lukas 1:57-80*

57 Toe die tyd gekom het dat Elisabet se kind gebore moes word, het sy 'n seun
in die wêreld gebring. 58 Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar
groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly.

59 Op die agste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom
Sagaria noem na sy pa. 60 Maar sy ma het gesê: "Nee! Hy moet Johannes genoem
word." 61 Hulle sê vir haar: "Daar is niemand in jou familie wat die naam het
nie!" 62 Met gebare vra hulle toe sy pa hoe hy wil hê dat die kindjie genoem moet
word. 63 Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf daarop: "Johannes is sy naam." En
almal was verbaas. 64 Onmiddelik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin praat
en God geprys. 65 Almal wat rondom hulle gewoon het, is met ontsag vervul, en
in die hele bergstreek van Judea is daar baie gepraat oor al hierdie dinge. 66 Almal
wat dit gehoor het, het daaroor nagedink en gevra: "Wat sal hierdie kindjie eendag
word?" Dit was duidelik dat die Here by hom was.

67 Sagaria, die kindjie se pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê:

68 "Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy
volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk.
69 'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid.
70 So het die Here dit reeds van oudsher belowe
deur die mond van sy heilige profete:
71 om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters;
72 om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou.
73 Met 'n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader
Abraham dat Hy sou gee dat ons,
74 gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien
75 in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe.
76 "En jy, kindjie, 'n profeet van die Allerhoogtste sal jy genoem word,
want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak,
77 om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel:
verlossing deur vergifnis van hulle sondes,
78 danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die
môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal,
79 om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van
die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede."

80 Die kindjie het opgegroei en sterk geword deur die Gees en het in die woestyn
gebly tot op die dag van sy openbare verskyning in Israel.

# DONDERDAG

LEES:
*Lukas 1:57-80*

SOAP:
*Lukas 1:68, 72-73a*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Lukas 1:68; 72-73a*

"LOFWAARDIG IS DIE HERE, DIE GOD VAN ISREAL, WANT HY HET SY VOLK IN GENADE OPGESOEK EN VIR HULLE VERLOSSING BEWERK. OM BARMHARTIGHEID TE BEWYS AAN ONS VADERS EN AAN SY HEILIGE VERBOND TE DINK, AAN DIE EED WAT HY GESWEER HET VIR ABRAHAM, ONS VADER, OM AAN ONS TE GEE."

*Oordenking*

Sagaria beteken "God het weer onthou." God het verseker sy belofte aan Sagaria nagekom! Nadat sy babaseuntjie benoem is, is Sagaria se spraak herstel en het hy die Here onmiddellik begin aanbid.

Net soos Maria, was Sagaria gevul met danksegging en lofprysing met die geboorte van sy seun. Sy "lied" soos sommige dit noem, is anders, want dit is ook 'n profesie. Hy het die mense rondom hom herinner dat God Sy beloftes nakom.

Abraham was nie meer daar nie en tog het God die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het, nie vergeet nie. Adam en Eva het nie meer gelewe nie en tog het God nie sy belofte vergeet dat iemand sou kom wat die kop van die slang sou verpletter nie. Die tyd het amper aangebreek. Daar sou 'n baba gebore word wat sy volk sou red en Sagaria se babaseuntjie sou die een wees wat die weg vir hierdie Messias sou voorberei.

Die laaste stuk van hierdie wonderlike verhaal was op die punt om in plek te val.

*Gebed*

Here, help ons om 'n dankbare hart te hê, maak nie saak wat ons deurgaan nie. Ons het baie om voor dankbaar te wees. U het beloftes vanaf Adam en Eva se tyd gemaak en elkeen nagekom. Help ons om in verwondering na u verlossingsplan te kyk soos ons dit regdeur die Skrif sien afspeel. U is 'n goeie God. Dankie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Lukas 2 :1-21*

1 In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in
die hele ryk gehou moet word. 2 Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe
Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. 3 Almal het gegaan om hulle te
laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe. 4 Ook Josef het gegaan. Hy het van die
dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid,
omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. 5 Maria, sy verloofde, wat
swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. 6 Terwyl hulle daar was, het
die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. 7 Sy het haar Eerstelingseun in die
wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir
hulle geen plek in die herberg was nie.

8 Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die
nag oor hulle skape wag gehou het. 9 Meteens staan daar 'n engel van die Here by
hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie
groot geskrik. 10 Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek
bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is.
11 Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus
die Here! 12 En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke
toegedraai is en in 'n krip lê." 13 Skielik was daar saam met die engel 'n menigte
engele uit die hemel wat God prys en sê:

14 "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy
'n welbehae het!"

15 Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die
skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat
gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het." 16 Hulle gaan toe
haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. 17
Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. 18
Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel
het. 19 Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor
nagedink. 20 Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys
oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.

21 Ag dae later, toe dit tyd was om die Kindjie te besny, het Hy die naam
Jesus gekry, die naam wat deur die engel genoem is nog voordat Hy dit in die
moederskoot ontvang het.

# VRYDAG

LEES:
*Lukas 2:1-21*

SOAP:
*Lukas 2:10-11*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Lukas 2:10-11*

EN DIE ENGEL SÊ VIR HULLE, "MOENIE VREES NIE, WANT KYK, EK BRING JULLE 'N GOEIE TYDING VAN BLYDSKAP WAT VIR DIE HELE VOLK SAL WEES, DAT VIR JULLE VANDAG IN DIE STAD VAN DAWID GEBORE IS DIE SALIGMAKER WAT CHRISTUS, DIE HERE IS."

*Oordenking*

Daar is 'n paar kreatiewe maniere waarop mense die geboorte van hulle babas aankondig, maar niks is beter as die aankondiging van die geboorte van Jesus nie. 'n Engel verskyn aan 'n paar herders om te vertel dat die Redder gebore is. Die Seun van God is hier!

Dan begin 'n groot engelkoor sing en God te loof. Dit is 'n ongelooflike en unieke geboorte-aankondiging. Die lang tyd van wag het tot 'n einde gekom. Al die beloftes wat God gemaak het oor iemand wat sou kom om die mensdom te herstel, wat dinge sou regstel, wat gebrokenheid sou verlos, is vervul. Hierdie Advent tyd is verby. Jesus is hier.

Dit is maklik om gewoond te raak aan die verhaal van die geboorte van Jesus dat dit ons nie meer aanraak nie. As ons kyk hoe God noukeurig gewerk het vanaf die tyd van Adam en Eva se ongehoorsaamheid, deur Abraham, Moses, Noag, Jesaja en vele ander om ons na daardie klein stal in Betlehem te bring, waar 'n jong gewone egpaar die Seun van God verwelkom het in hul arms, miskien sal dit help om ons tot lof en danksegging te bring.

Ons is gered omdat God beloftes gemaak en nagekom het. Ons kan hoop hê want hierdie baba sal grootword, 'n perfekte lewe lei, verraai word en 'n aaklige dood sterf vir ons. Maar die verhaal eindig nie daar nie. Die eerste Advent is verby, maar ons bevind ons nou in 'n tweede Advent waar ons op die wederkoms van Jesus wag. Weereens het God aan Sy volk beloftes gemaak en ons kan seker wees dat Hy dit sal nakom.

*Gebed*

Here, die Kerstyd kan vir ons 'n heerlike en opwindende tyd wees, sowel as 'n moeilike en hartseer tyd. Help ons om die regte perspektief te hê deur te fokus op waarom ons in die eerste plek Kersfees vier. Dit is 'n viering van al die beloftes wat U gemaak het en nagekom het deur die wêreld voor te berei op die koms van die Messias. Gee ons hoop, terwyl ons wag vir Jesus se wederkoms. Kom vinnig, Here. Kom vinnig.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe het Sagaria se vraag aan die engel verskil van Maria s'n? Waarom was Sagaria se vraag 'n uitdrukking van sy ongeloof?

2. Wat dink jy moes Elisabet ervaar toe sy uitgevind het dat sy swanger was? Hoe sou jy gereageer het? Waarom was dit 'n belangrike antwoord op gebed vir Elisabet?

3. God het Maria baie bemoedig deur haar vriendskap met Elisabet. Op watter maniere het God jou hierdie seisoen bemoedig? Watter dinge het Hy vir jou gedoen om die diepte van sy liefde en omgee vir jou te wys?

4. Wat het hierdie jaar vir jou die meeste uitgestaan in die Kersverhaal? Wat leer God jou in hierdie seisoen deur sy Woord?

5. Hoe kan jy God hierdie Kerstyd loof soos die herders dit gedoen het? Hoe kan jy hierdie houding van ontsag en lof aan God in jou alledaagse lewe bring?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

***God het jou lief.***
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir 'n groot doel geskape.

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16).

***Ons sonde skei ons van God.***
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:23).

***Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.***
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8).

***Jesus leef!***
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:2-3).

***Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.***
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing...*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord 'n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van 'n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir "Love God Greatly" sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy 'n deelgenoot met ons is!

## WAT ONS AANBIED:

18 + Vertalings | Bybelleesplanne | Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly App | 80 + Lande Bedien
Bybelstudie Joernale & Boeke | Gemeenskapsgroepe

## ELKE LGG STUDIE SLUIT IN:

Drie Ooreenstemmende Blog Inskrywings
Memoriseerverse | Weeklikse Uitdaging | Weeklikse Leesplan
Oordenkingsvrae En Meer!

## ANDER LOVE GOD GREATLY STUDIES SLUIT IN:

Saligsprekinge | Ester | Woorde Maak Saak | Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde | Wees Dapper | Verlosser | Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel | Waarheid Oorwin | 1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs | Jakobus | Sy Naam Is... | Filippense | 1 & 2 Timoteus
Toegewy | Rut | Gebroke en Verlos | Wandel in Wysheid | God Met Ons
Jy is Vergewe | Dawid | Prediker | Groei deur Gebed | Name van God
Galasiërs | Psalm 119 | 1 & 2 Petrus | Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees | Die Bron van Dankbaarheid | Jy is Geliefd

*Besoek ons aanlyn by*

LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM/AFRIKAANS